# „ROEPING".

## Maandblad vir die Christelike Gesin.

Vanaf einde Januarie 1955 sal (D.V.) op inisiatief van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (A.C.B.) bogenoemde blad uitgegee word. Dit sal in koerantvorm verskyn en voorlopig vier bladsye beslaan—'n beskeie begin maar onder die besef van **roeping**. Die blad sal o.m. die volgende terreine dek: wêreldgebeure; Christelike staatkunde; ons geskiedenis; rassekwessies; skool en huis; vrou en kind; leiding in verband met leesstof; korrespondensie; ontspanning ens. Die vorm en inhoud sal sodanig wees dat **elkeen** dit kan verstaan. Doelbewus sal die blad daarna strewe om ons Christelike beginsels vir al die terreine van die lewe te verbrei. Die ideaal is om so spoedig moontlik 'n weekblad uit te gee, d.w.s. as daar genoegsaam ondersteuning is.

Laat dit **u** blad wees. Intekengeld is **ses sjielings** per jaar, terwyl donasies baie welkom sal wees, veral in die beginstadium. Lede van die A.C.B. ontvang die blad gratis.

Intekengeld en alle korrespondensie moet gerig word aan:

**„Roeping", Posbus 11, P.K. Noordbrug, Potchefstroom.**

• • • •

In verband met die **lidmaatskap van die A.C.B.** het die bestuur, in oorleg met die lede die volgende belangrike verandering aangebring:

Die bepalinge in verband met lidmaatskap lui nou soos volg:

1. Die Beweging verwelkom as lede almal wat die grondslag en doelstelling onderskrywe en hulle aan die bepalinge van die statute onderwerp.
2. Lidmaatskap word deur die Bestuur toegeken.
3. Daar word onderskei tussen lede en kernlede.
4. Lede is hulle wat minstens drie pond (£3) per jaar bydra.
5. Kernlede is hulle wat minstens een pond (£1) per maand (twaalf pond per jaar) bydra en wat groter verpligtinge op hulle neem.
6. In alle verdere artikels omvat die woord „lid" sowel lede as kernlede.

Die bestuur hoop dat alle besware nou verval het en dat Calviniste nou fluks sal aansluit. Veral word gehoop dat daar soveel moontlik kernlede sal kom. Hulle het nie méér voorregte nie, maar wel groter verpligtinge. Al wat hulle vir die groter bydrae kan verwag, is dat hulle die speerpunt van die beweging moet vorm, met die opofferinge wat dit meebring. Daar word 'n beroep op lojaliteit teenoor ons saak gedoen. Ons word geroep tot „heilige agressie".

Rig korrespondensie aan:

**Die A.C.B., Posbus 11, P.K. Noordbrug, Potchefstroom.**

DIE BESTUUR.